# menlo-insig

5/2023

## LIEWE MENLO

*Staan, Menlo, staan*
*en laat jou gedagte gaan*
*dat jy vir my kan sê*
*hoe diep die liefde lê.*
*Hand om die nek,*
*soen op die ....*

Met dié ou, bekende volkswysie in die agterkop en teen die agtergrond van Valentynsdag wonder Die Insig vandeesweek hoe diep die Parkies se liefde vir die skool lê? Die liefde is 'n onderwerp so oud soos die mensdom self en daarom is dit haas onmoontlik om 'n antwoord op hierdie moeilike vraag sonder deeglike navorsing te probeer formuleer. Die Insig het derhalwe besluit om 'n ekspedisie te loods om die omvang van die Parkies se liefde vir die skool te bepaal.

Die ekspedisie skop by die Kultuur Prestige-aand af. Tot die Insig se verbasing is die volgende fenomeen waargeneem: Sommige koorlede het huiswerk gedoen terwyl hulle hulle optreebeurt afwag. Hierdie tipe gedrag is beslis nie normale tienergedrag nie en getuig sonder twyfel van 'n diep sin van verantwoordelikheid en respek vir die skool.

Gekamoefleer as 'n toeskouer en versteek agter 'n sambreel daag die Insig kort daarna by Hillcrest op om die Menlo-swemmers by die interhoërbyeenkomste dop te hou. Dankbaar vir 'n stomende koppie koffie in die hand, was hierdie waarnemer verstom om te sien hoe die swemmers die week se koue trotseer om hulle skool se eer te verdedig.

Daarna skuif die fokus na Valentynsdag – op Menlobodem bekend as Parkiedag. Vorige navorsing het onthul dat die tienerspesie soms weerstandig teen die toon van emosie soos entoesiasme is, maar te oordeel aan die wavrag opgewondenheid en breë glimlagte op die Parkies se gesigte was dit duidelik dat hulle almal in die liefde geïnteresseerd is. Met 'n blom in die hand en hart op die mou het 1 650 Parkies vandeesweek sonder om twee keer te dink knie aan knie stelling in die saal ingeneem om die Parkiedagkonsert te beleef.

In 'n era waar ongemak moeilik verduur word, was dit tekenend dat die Parkies hulle eie gemak ter wille van die skool opsy skuif en dít sonder skroom.

*Staan, Menlo, staan*
*en laat jou gedagte gaan*
*dat jy vir my kan sê*
*hoe diep die liefde lê.*

Na deeglike ondersoek, kan Die Insig met gesag getuig dat die Parkies se liefde vir die skool dieper as kniediep lê. Die Insig sal selfs so ver gaan om te sê dat die Parkies se liefde vir die skool dieper as Hillcrest se bodem en wyer as die omvang van hulle huiswerk is. Daarby verruil Parkies hulle eie gemak in 'n oogwink ter ondersteuning van die Menlo-span.

Dieper, groter en wyer bestaan eenvoudig nie.



## DAGBOEK

**18/2**
Krieket: Waterkloof (Eerstespan weg, o. 15's tuis)
Tennis: St. Mary's Dogterstoernooi (Pietermaritzburg)
Tennis: Groot 5-seunstoernooi (Nelspruit)

**21/2**
Parkieraad: Opleiding (Ouditorium, 19:00 – 20:00)

**22/2**
Tennis: GN-liga (senior dogters)

**23/2**
Akademie: Duitse-aand (18:00)
Atletiek: Spanbou (Saal, 18:00)










# AKADEMIE

## Eendag, lank gelede...



*Nee, dit was nie so lank gelede nie. Dit was verlede Vrydag...* In die onlangse verlede het Menlo se eie skryfklub hulle eerste ontmoeting vir 2023 gehad. Die klompie aspirantskrywers beplan vanjaar 'n ambisieuse projek, naamlik om 'n bundel van Menlo-skrywers se werke saam te stel. Me. Nerine Ahlers, self 'n gesoute skrywer met etlike boeke én boekpryse op haar kerfstok, het die leerders se belangstelling met wenke oor hoe om 'n goeie kortverhaal te skryf, geprikkel. Soos wat dit 'n goeie skrywer betaam, het hulle slegs hierdie kriptiese berig aan Die Insig voorsien en sal ons self later die storielyn, komplot en intriges van die Menlo-bundel moet ontsyfer.

# LEIERSKAP

## Geleenthede skuil in alle omstandighede









Die Parkieraad het verlede naweek na Zwartkloof Natuurreservaat migreer om vir die nuwe seisoen te beplan. Die tema vir vanjaar is om die hoogste in alles na te streef en om leierskapsgeleenthede in alle omstandighede – groot en klein – te identifiseer. Ofskoon die eendeweer sake effe bemoeilik het, het dit geensins 'n demper op die kamp geplaas nie en kon die leerders na hartelus planne maak om hulle visie, Excelsa Petamus in parvis, uit te leef. Die skool bedank graag die voorsitter en ondervoorsitter van die Parkieraad, Barbara du Toit en Bernu Pieters, asook me. Doné Moolman en mnr. Johan Grové vir hulle insette.

Die skool staan bankvas agter die Parkieraad en sien daarna uit om geleenthede om te dien en te lei in alle omstandighede op te spoor.

# KULTUUR

## Menlo-kultuur verdien bravo én encore!

Die skool se kultuur prestige-aand was vanjaar oudergewoonte 'n viering van talent oor die kultuurspektrum heen. Die Atterbury Teater het verlede week gasheer vir die geleentheid om waardering vir die skool se voorste sangers, akteurs, redenaars en dansers te toon en om erkenning aan uitsonderlike prestasies op kultuurgebied te verleen, gespeel.

Die aand is in die vorm van 'n skouspelagtige en uiters genotvolle verskeidenheidskonsert aangebied waar die gehoor telkens aangeroer is deur die leerders se talent. Volg gerus die **skakel** om 'n voorsmakie van die koor se optrede te kry.

Baie dankie aan me. Jeanmari van Papendorp wat aan die stuur van sake gestaan het asook aan mnr. Corné van Wyk en me. Roché van Blerk wat as seremoniemeesters opgetree het.

Die volgende toekennings is uitgedeel:

**Drama**

| | |
|---|---|
| Senior prestige kultuurtrofee | Bernu Pieters & Rijanli Oerlemans |
| Junior prestige kultuurtrofee | Erik Senekal |
| Beste akteur | Arno Klerck |
| Beste aktrise | Danique de Souza |
| Beste opkomende akteur | Kaniel van Jaarsveld |
| Beste opkomende aktrise | Ilme Taljaard |

**Musiek**

| | |
|---|---|
| Junior | Clara Serfontein |
| Senior | Anje van Papendorp |

**Dans**

| | |
|---|---|
| Beste senior danser | Nadine Roux |
| Beste junior danser | Reeze Zeuner |
| Beste ensemble | Midnight Harvest |

**Kuns**


| | |
|---|---|
| Junior | Marlene Kruger |
| Senior | Stephen le Roux |

**Veelsydigheidstrofee**

| | |
|---|---|
| Junior | Gerhard Mahne |
| Senior | Ilme Taljaard |






# MUSIEK

## Menlo-musikant: Immergroen talent wat nie verstryk nie



Stryk is geen maklike taak nie, maar Liezl van der Berg is 'n Parkie wat goed op stryk is. Daarby laat sy haar nie maklik van stryk bring nie en pluk sy nou die vrugte daarvan om een stryk deur te oefen.

Hartlik geluk aan Liezl wat na 'n strawwe oudisieproses as lid van Simfonia Juventi – 'n jeugsimfonieorkes – aanvaar is. Simfonia Juventi bestaan uit 77 lede en is uit die voorste jeugmusikante van Gauteng, Noordwes, Limpopo en Mpumalanga saamgestel.

Die sleutel tot toelating tot hierdie orkes is uitstekende musikale vermoë en 'n hoë vaardigheidsvlak met 'n spesifieke instrument. Hef aan lê nou voor en die orkes sien uit na orkesweek in April waartydens hulle sal oefen om voorbereid vir hulle optredes in Nylstroom, Heidelberg en Pretoria te wees sodra die herfs aanbreek.

Hartlik geluk met 'n uitsonderlike prestasie!

# GEES

## Menlo-graad 8's kook!

Dit gebeur elke jaar tydens die graad 8-konsert – die graad 8's ontdek talente waarvan hulle nooit bewus was nie en vanjaar was geen uitsondering nie. Dieselfde leerders wat 'n paar weke gelede skugter en verward by die Menlo-hek ingestap het, het vandeesweek in vermaaklikheidsterre wat die hele skool vermaak, ontpop.

Moet egter nie dat Die Insig u 'n rat voor die oë draai nie, kyk gerus self na die foto's. Baie dankie aan die graad 8-raad van die matriekraad vir hulle inisiatief om die aggies aan hulle eie talente bekend te stel én aan die graad 8's wat reeds die Menlo-manier verstaan: Deelname met oorgawe! #Menlotrots











## Shall I compare thee to a Valentine's day?


Wat is lekkerder as om 'n tiener te wees en op Valentynsdag deur 'n geheime bewonderaar verras te word? Die antwoord is eenvoudig. Niks is lekkerder as om 'n Parkie-tiener te wees nie, veral op Valentynsdag!

Op Menlo-bodem word die liefde, vriendskap en gesellige samesyn met 'n vermaaklike Parkiedagkonsert gevier. Items wissel van sang en drama tot komedie en die voordrag van poësie, terwyl die meelewende gehoor elke optrede waardeer. Die eintlike vraag is dus nie of Menlo vir jou lief is nie, maar hoe lief die Parkies vir Menlo is...

Let us count the ways...

Baie dankie, Matriekraad! Parkiedag was ongelooflik.






# SWEM



## Op julle merke...

'n Mens sou dink dat drie interhoërs die swemmers vandeesweek uitasem sou laat, maar van 'n gespartel was daar geen sprake nie.

Die Insig sien daarna uit om die laaste interhoëruitslae te ontvang en oor hierdie opwindende gebeurtenisse te berig. Hou asseblief hierdie spasie dop....

# ATLETIEK

## Menlo se top-15 is ook byeenkoms se top-15

Nie alle skole is in die bevoorregte posisie om vyftien top-atlete te hê nie. By Menlo het ons nie net dosyne uitstekende atlete nie, maar is ons vyftien top-atlete ook as die top-15 van verlede week se byeenkoms aangewys.

Hier volg die uitslae van Menlo se vyftien top-atlete by die top-15-byeenkoms:

### Algehele uitslae

1. Menlo 2. Hoërskool Zwartkop 3. Hoërskool Noordheuwel 4. Hoërskool Monument

### Individuele uitslae met APE-punte

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Alicia Khunou | o. 17 | Gewigstoot | 1000 | Chris Swanepoel | o. 15 | Diskus | 923 |
| | | Diskus | 1000 | | | Gewigstoot | 916 |
| Megan Nieman | o. 14 | 90 m-hekkies | 958 | Aidan Erasmus | o. 15 | Gewigstoot | 901 |
| Bianca Stoltz | o. 14 | 3 000 m | 943 | Colene Scheepers | o. 17 | 200 m | 892 |
| Merlé J v Rensburg | o. 15 | Diskus | 941 | Erasel Boer | o. 19 | 100 m-hekkies | 890 |
| Werner Bezuidenhout | o. 17 | 110 m-hekkies | 938 | Megan Nieman | o. 14 | 300 m-hekkies | 870 |
| Ashlynn Nel | o. 16 | Gewigstoot | 932 | Johann Roelofse | o. 17 | 3 000 m | 865 |
| | | Diskus | 932 | | | | |



# MUURBAL

## MMA staan vir Meer, Muurbal en Absolut gereed!

Muurbalgeleenthede op Menlo-bodem is volop. Die MMA se skoner geslag het onlangs op 'n vriendskaplike grondslag teen ons buurskool, St Mary's DSG, deelgeneem en sodoende nie net hulle muurbalvaardighede verbeter nie, maar ook heerlik oor muurbal gekoukus en nuwe vriendskapsbande gesmee.



# SKAAK

## Geen kans op verloor vir hierdie Parkie

Ofskoon die onlangse SA Junior Spanskaakkampioenskap by die Wild Coast Sun plaasgevind het, het Menlo se skaakmeester, Michal Oosthuizen, eerder op beproefde skuiwe as dobbelspel staatgemaak om sukses te behaal.

Hartlik geluk met 'n *straight flush* van sewe uit sewe oorwinnings. Dié het 'n bordprys aan Michal besorg en verseker dat die span van Tshwane die silwer medalje verower. Om hierdie uitstekende prestasie te *raise*, sal beslis 'n uitdaging wees.

Knap geskuif, Michal!



# TENNIS

## Tennisspelers slaan die jaar met kishoue af





Menlo se tennisspelers het sommer met die intrapslag vanjaar vir 'n paar opskuddings veroorsaak. Die dogters het skoonskip by Gauteng-Noord se kampioenskap gemaak en sommer op die koop toe bewys dat as daar 'n M in jou naam of van is, jy beslis aan die regte kant van die net gestaan het toe tennistalent uitgedeel is. Baie geluk aan Megan Fourie, Kaitlin Meyer en Melissa Meyer wat voortaan nie net vir Menlo nie, maar ook die provinsie op die baan sal verteenwoordig.

Menlo se manne het nie op hulle laat wag nie en op dié goeie fondasie voortgebou. Die Boland Landbou Tennistoernooi word jaarliks in die Paarl aangebied en dit is nie net die opponente wat die spelers hier laat sweet nie, maar ook die snikhete temperature wat so aan 40 °C raakraak. Die manne het egter bewys dat hulle nie so maklik smelt nie en uitstekende tennis in die Paarl-drukkoker opgedis om in die vierde plek uit veertien skole te eindig. Baie geluk aan Liam Badenhorst, Joshua Smit, Stefan Jansen van Vuuren, Markus de Jager, Daniël Palmer, Jaden van der Westhuizen en Nicholas Pretorius.



Die uitslae is soos volg:

1 Paul Roos
2 Hoër Jongenskool Paarl
3 Paarl Gim
4 Die Hoërskool Menlopark




Knap gedaan aan die GN-spelers, die Menlo-manne wat die Boland op horings geneem het asook aan me. Elné Coertzen (organiseerder) en mnr. Hendrik Coertzen (afrigter) met puik prestasies!

# MENLOBOND

## Menlo maak geskiedenis met geskiedenis

### Sestig jaar se Parkies vier ses dekades van Menlo




Die skool se sestigste verjaarsdag is die as waarom verskeie feesvieringe vanjaar wentel en een van die eerste vieringe was die skool se spesiale kerkdiens wat op 29 Januarie 2023 op die pawiljoen plaasgevind het. Parkies, oud-Parkies en ouer Parkies was almal in Menlo-drag getooi en daar is selfs 'n atletiekhempie wat uit 1977 dateer, bespeur. 'n Hartlike woord van dank aan elke Parkie wat die geleentheid bygewoon het. Die Menlobond spreek verder sy waardering teenoor me. Saartjie Ouhrapke (Steyn) (1966) vir die skenking van die program van die skool se opening op 1 November 1963 aan die Menlobond-argief, uit.

### Veels geluk liewe Menlo

Die matriekuitslae van 2022 is die rede waarom die skool breëbors loop en met die brief hier onder laat mnr. Chris Dercksen elke Menlo-hart, namens die klas van 1965, tjoklits klop.

*Mnr. Reynders en oud-Parkies. Ons, die eerste matriekklas van Hoërskool Menlopark is baie trots op die pragtige wêreldklas instelling wat die skool geword het. Ons het nog vroeër met ons fietse oor die oop stuk veld gery! Die uiters moeilike taak om 'n groep kinders – seuns en dogters – van verskillende skole en leerplanne in een pragtige eenheid te voeg, is met groot sukses deur mnr. Böhmer en sy personeel deurgevoer. Hy het selfs eiehandig op Saterdae die pragtige bome om die skoolgeboue geplant. Ons, as leerders, was nie bewus van die voorreg om aan sulke toegewyde onderwysers blootgestel te wees nie. Dit is nou eers na jare dat ons die insig het om dit te waardeer. Ons sou graag elkeen by name wou noem, maar ons is te bang dat iemand oorgesien word! Hulle het ons lewenspad dramaties vergemaklik, baie dankie! Die pragtige matriekuitslae en baie ander prestasies wat behaal word, maak dit so lekker om te kan sê: "Ek was daar op skool." Baie dankie!*

Mnr. Fanus Booysen, Menlo-hoof van 1981-1983, eggo hierdie woorde in sy brief:

*Ek wens die skool hartlik geluk met die skitterende uitslae van die klas van 2022 – dat ons die top skool in Gauteng is, span die kroon. Veral ook baie geluk aan die personeel wat ontsettend hard moes gewerk het. Parkie-groete.*











### Oud-Parkies duik steeds met hart en siel by Menlo in

'n Paar oud-Parkies het vanjaar by die sweminterhuis gewys dat oud en koud eenvoudig nie in dieselfde asem genoem kan word nie, maar dat daar wel 'n verband tussen oud en koel is. Die oudleerders het komkommerkoel ingeduik om hulle staal in die water te wys en om die skool se sestigjaarvieringe in die swembad af te skop. Die skool sien daarna uit om talle oud-Parkies vanjaar op Menlo-bodem raak te loop.

### Oud-Parkie-dirries gee die staf oor

Groot gees het onlangs geheers toe 2022 se oud-Parkie-hoofdirigente, Jordan Holtzhausen en Hildegard Hendriksz die aankondiging van 2023 se dirries bygewoon het en die staf persoonlik aan die nuwe hoofdirigente, Danique de Souza en Keno Raath oorhandig het.

### Menlobond kry nuwe kubertuiste

Besoek gerus die Menlobond se splinternuwe digitale platform by www.menlobond.co.za.

### Word deel van ons verhaal

Die Menlobondbestuur het vandeesweek, ter viering van die skool se sestigste bestaansjaar, 'n visuele voorstelling van Menlo se verhaal namens al die oud-Parkies en Vriende van Menlo aan die skool oorhandig.

Die tydlyn wat oor die skool se verlede berig en as inspirasie vir die toekoms dien, is in die vierkant geïnstalleer en bied 'n bondige oorsig oor die skool se ryke en diverse geskiedenis – wat 'n voorreg om hierin te deel.

In die foto hiernaas oorhandig die voorsitter van die Menlobond, mnr. Konrad Fleischhauer ('86), die tydlyn aan die hoof, mnr. Schalk Reynders. Saam met hulle op die foto is (v.l.n.r.) mnr. Francois le Roux (BL-voorsitter), me. Gisela Rolfes (Menlobond: skakelbeampte) ('91) en mnr. Louis Cloete (Menlobond: ondervoorsitter).

#menlo60 #menlobond #menloviraltyd #oudparkies #menlo_menlo










# MMA

# MENLO-MUURBAL-AKADEMIE (MMA)

## LOOTJIEVERKOPE
## R50.00 PER LOOTJIE

### SLUITINGSDATUM: 17 MAART 2023

# WEN!! WEN!! WEN!!

## PRYSE:

- Skiet van 'n blesbokram by CARLSRUHE WILDRESERVAAT net buite Cullinan
- DUNLOP muurbalraket en sak
- R1 500 se geskenkbewys van NGUNI MOON - lekker, kwaliteit vleisprodukte
- SPORTMANS WAREHOUSE-geskenkbewyse
- BABYLONSTOREN-geskenkmandjies
- ROOMYSKOEK geborg deur House of Ice Cream, Olympus
- Geskenkbewyse van NIX AESTHETIC STUDIO vir "Hydration Cleanse with Lash Tint, Brow Tint and Brow Shape" ter waarde van R700
- "Swedish Back, Neck, Shoulder and Scalp Massage" ter waarde van R300

PARKIEBAL / MATRIEKAFSKEIDPAKKET

- Geskenkbewys ter waarde van R400 van ODETTE WILL HAIR & MAKEUP
- "Express Medi Pedi with Gel Toe Overlay" ter waarde van R450 van Nix Aesthetic Studio
- SORBET-geskenkbewys vir "Hands Gel Polish Power" ter waarde van R500

En nog vele meer ...




VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

WORLD OF SQUASH
MENLO-MUURBAL-AKADEMIE







# MARKPLEIN



TAU | SLOW LEATHER CO







DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
SEDERT 19
KOOP JOU
Geblikte
SOKKIES
Datum Beskikbaar vanaf 23 Januarie
Plek Finansiële kantoor
Prys R170
Wees gekol of gestreep,
wees #menlo60
menlopark.co.za
AbsolutMenlo


Olive Branch
Sports Massage Therapist
Price list
Sports Massage R300
Back & Neck Massage ( 45 min) R250
Swedish Massage (60 min) R370
Deep Tissue Massage (60 min) R450
Foot & Leg Massage (30 min) R150
Emmie Olivier
Mobile Massage Therapist
065 387 9342
olivebranch.mobile@gmail.com


hc couture
because you are unique!
Specialise in the design and make
of wedding dresses,
matric dance dresses,
evening dresses,
cocktail dresses & designs
for special occasions.
082 885 7809
www.hccouture.co.za
helen@hccouture.co.za
Helen Coetzee Couture
helencoetzeecouture


PRISMA
water
Services
Purified Water
Private Labeled Bottled Water
Purified Water Refills
Dispenser Bottle Refills
Dispenser Machine Hire
*Free label design
*Free Delivery in Gauteng
Contact Information
Tel: 012 365 2590
Cell: 066 432 1209
sales@prismawater.co.za
www.prismawater.co.za
69 Lynburn Road,
Lynburn Center,
Lynwood Manor,
Pretoria
At Prisma Water we can do water for any quantity, any functions any corporate company or small office, branded or not!!!


NAALDWERK
VERSTELLINGS
KONTAK BERTA WHEELER BY:
073 501 8228
EQUESTRIA


TAMRIN LEE
KEMP
Student
Au-pair
beskikbaar:
083 404 5788

**Menlo-ruitersport bedank al die ruimhartige borge vir hulle bydraes tot die Menlo-skou.**


HH Feeds







carfind.co.za®

Riders Saddlery

FOR THE LOVE OF HORSE & RIDER